

Saterdag 22 Desember

|                                                         |                                                                   |
|---------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------|
| <b>Skrifgedeelte: Psalm 55 (Nuwe Direkte Vertaling)</b> | <b>Fokusgedeelte: Psalm 55:23; Heidelbergse Kategismus 50:125</b> |
|---------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------|

## Neem jou toevlug tot die Here

Jesus, wat sy dissipels geleer het om te bid, het op 'n keer ook die uitnodiging gerig: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee” (Matt. 11:28). Ons hoor dit, maar doen dit nie sommer nie. Ons kan mos self regkom.

Selfs Dawid probeer in Psalm 55 eers uit eie krag 'n weg vind. Dit is so tipies mens. Nadat hy sy onrustigheid en nood verwoord het (:1-6), vertel hy van die oplossings wat hy gesoek het. As ek maar vlerke soos 'n duif gehad het, sou ek wegvlieg ... (:7). Sy gedagte was dus om *weg te vlug* van sy omstandighede op welke wyse ook al. Sy tweede oplos-sing is om sy teenstanders te verwens en op dié wyse sy omstandighede te *ontvlug*. Hy wens dat iets verskrikliks met sy vyande moet gebeur en dat hulle totaal verwar moet word (:10-16).

Uiteindelik kom hy uit by die belydenis: “Ek, ek roep tot God, en die HERE sal my verlos” (:17). Hy wil daarmee sê dat die oplossing nie daarin lê om van jou omstandighede en nood weg te vlug nie, ook nie om dit met wensdenkery te ontvlug nie, maar om jou *toe-vlug* tot die HERE te neem. Sy gevolgtrekking: “Lê jou las op die HERE; Hy sal jou onder-steun ...”

Dit is die versekering wat opnuut tot ons kom in die feestyd met die koms van Jesus Christus na die aarde. Hy het gekom om ons te omhels met sy reddende teenwoordigheid. Die grootste angs en spanning het Hy weggeneem deur ons vervloeking op Hom te neem en ons te verseker dat sy arms oop is om ons in alle nood en angs te dra.

*Sing: Psalm 46-1:1, 3*

*Ds. MJ (Tinus) Smidt (Emeritus)*